16 Januarie	NG Gemeente Kogelberg	2026

Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE

Jy word hartlik uitgenooi na ons

Gesamentlike Erediens

& Gemeentelike Piekniek-kuier

JAN | 18 | 2026

09:00 DISAKLOOF KAMPTERREIN

Bring jou stoel en kom hou saam kerk onder die bome in die buitelug. Kookwater vir koffie/ tee sal ook beskikbaar wees - voor en na die diens. Onthou ook jou piekniekmandjie (met alles wat jy nodig het) want ons gaan ***na die erediens as gemeente saam kuier.***

LIG | DEERNIS | HOOP

YouTube

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*Gebruik gerus die **SnapScan-opsie** om jou offergawe te gee.*

SnapScan



Program vir die week

Maandag 19

10:00 Begrotingsvergadering (TYD)

Dinsdag 20

09:00 HK Gebedsgroep (Hangklipkerk)

15:00 Eiendomme (TYD)

16:30 KM Gebedsgroep (Kapel)

17:00 Finansies (TYD)

17:15 Eko-groep Algemene Byeenkoms (Kleinmondkerk)

Woensdag 21

09:00 Projekte-komitee (Kapel)

14:00 KM Basaarsameroepers (TYD)

17:00 Hangklip Bybelskool (Hangklipkerk)

18:00 Rusplek Erediens (Kapel)

18:00 Dissipelskapgroep (TYD)

Donderdag 22

06:00 HK Mannegroep (Hangklipkerk)

17:30 Diensverhoudinge (TYD)



KERKKANTOORure

Maandag - Vrydag	10:00 - 13:00

KONTAKbesonderhede

028 271 3470	info@ngkogelberg.co.za

LEOPOLD EN RIANA van HUYSSTEEN se REIS met die HANGKLIPKERK



TOE die Kerkraad net meer as drie jaar gelede tot die oortuiging kom dat daar in die Hangklipstreek 'n groter behoefte aan pastorale versorging is, aanvullend tot die bediening deur verskeie predikante wat net verantwoordelik was vir die lei van eredienste in die streek, is besluit dat 'n leraar aangewys moet word om op 'n meer permanente basis hierdie rol te vervul. Só is ds. Leopold van Huyssteen op 'n kontrakbasis aangestel, met sy vrou, Riana, as gewillige vennoot. En soos die voormalige voorsitter van die Hangklipwyksraad, Dirk Reitzema, dit stel: dit het alles gepaardgegaan met die entoesiastiese goedkeuring van ds. Jannie Hougaard, destyds nog Sentrale Kerkraadsvoorsitter.

Dirk verduidelik verder dat Leopold met 'n 'verminderde traktement' aangestel is en om hom daarin tegemoet te kom, is bevestig dat hy nie verantwoordelik sou wees vir 'n aantal bykomstige take wat gewoonlik op die skouers van voltydse predikante rus nie. Min het egter hiervan gekom, want soos almal in die streek dit ervaar het, was dit Leopold se doel om elke lidmaat te leer ken deur saam met Riana huisbesoek te doen en was Bessie, hul getroue blou vierwielwa, 'n bekende en geliefde gesig in al ons buurte en strate. Ook op allerlei ander maniere het die egpaar met liefde en warmte uitgereik, wat groot waardering ontlok het.

Dirk herinner ook daaraan dat vernuwing en opknapping vir hulle belangrik was, en dat die tuin, die spreekkamer, die instel van die Boekoase, die bou van nuwe rakke en die aanbring van plaveisel daarvan getuig. Ander vernuwings was onder meer die integrasie van die lofprysing in die erediens, asook die implementering van 'n gebedsgroep deur Riana en 'n mannegroep deur Leopold. Saam met ds. Theuns Henn het hy die Bybelskool tot stand gebring. Dié twee kollegas, wat ook goeie vriende is, het meestal al om die ander Sondag die eredienste in die Hangklipkerk gelei en het ds. Henn as steunpilaar vir Leopold opgetree.

Leopold vertel self verder:

Ons (Leopold en Riana van Huyssteen) het met entoesiasme by die Hanklipgeloofsgemeenskap ingeskakel. Ons het saam met Dirk en Marietjie by die wyksraad kers opgesteek sodat ons duidelik hul behoefte en uitdagings kon hoor.

Die wyksraad wou verhoudings bou, hulle het behoefte gehad aan Bybelgefundeerde skrifuitleg en wou hul gawes benut in 'n warm en verhoudinggesentreerde geestelike omgewing.

Oor die afgelope drie jaar kon ek en Riana by bykans almal besoek aflê, soms meer as een keer. Ons het 'n organiese gemeentestudie, Natural Church Developement-ondersoek, geloods, met die fokus op die agt kernwaardes van hierdie studie: Bemagtigende leierskap, holistiese kleingroepe, behoefte-georiënteerde evangelisasie, gawegesentreerde bediening, passievolle spiritualiteit, effektiewe strukture en inspirerende aanbidding. Ons het dit met "In Pas"-kursus aangevul en verfyn.

Ek, Riana, Dirk en Marietjie Reitzema het elke lid van die leierskap aan huis gaan besoek. So kon ons hulle bemoedig en ook te wete kom waar behoeftes en leemtes in wyke en in die gemeente was. Ons het die manne-uitreikgroep en gebedsaksie begin, Bybelstudiegroepe aangemoedig en uitgebou en so die vingers op al die polse gehou, ook vuur gemaak waar nodig. Woeker kan die Hangklippers!!

Ons (Ek, Theuns en Heinrich) het die Leesrooster (Revised Common Lectionary) as agtergrond vir ons prediking gebruik om so uitvoering te gee aan die wyksraad se versoek vir 'n Skrifgebaseerde preekprogram. Daardeur kon ons drie keer in die afgelope drie jaar deur die heilsgeskiedenis werk. Wat 'n vervullende ervaring was dit nie vir ons nie!
Met die Bybelskool (Ebenezer), met Theuns en Susie aan die stuur, kon ons die basiese Bybelse begrippe behandel, deur Hermeneutiek en Etiek werk en afsluit met berading en Timoteus. Ons kon twee Pinksterreekse oor gawebediening hou en met 'n groot groep lidmate die gawekursus doen.
Die kerktuin is aangepak, wat Adele met haar span tot groot hoogtes gevoer het! 'n Pastorale spreekkamer is ingerig, die ou lelike braai in die kuierruimte herstel en Sedrick en Sandra Taljaard het vir die blindings en netjiese verfkleure gesorg. Sandra het die kerk met haar fyn aanvoeling vir kleur en warmte begin versier.

Alta Jones en Riana het die Boekoase begin, dae geskrop aan vuil vloere en geverf en rakke ingesit. Ons kon in drie jaar wonderlike aanbiedinge deur kundiges op uiteenlopende terreine bekendstel – van Dolf Nel se Sterre-en-planete en Ian Maritz se Houtsneekuns, tot Die Tobies van Van As Jordaan en sy kleinseun, Jacques, die Moderatuur en Koos van der Merwe van "Prophet"-faam. Ons kon afsluit met prof. Marius Ungerer se bekendstelling van sy uitnemende boek: "Living our North Star". Marius speel reeds vir die afgelope drie jaar 'n rigtinggewende rol in Kogelberggemeente se beplanning en toekomsstrategie.

Hegte en intieme gesin

Hangklipgeloofsgemeenskap het 'n hegte en intieme gesin geword, waar verhoudings en omgee bo aan die lys is. Lidmate gaan uit hul pad om betrokke te raak, waarlik om te gee en te dien. Die jeug, met Helaine en Dirk se entoesiasme, het pragtig gegroei - ons is so trots op julle! Ons benoude finansies is goed op dreef en die gemeente beleef elke Sondag die werking van die Heilige Gees, met groot dank aan Anelma, Sedrick, die aanbiddingspan en die klankspan. Sondag na Sondag sit die kerk stampvol.

Elke lidmaat se hart klop warm met die liefde van die Here waar elkeen Kogelbergkerk se leuse van "Draers van lig, Verskilmakers met deernis en Ambassadeurs van Hoop" omarm.

Graag bedank ons, Leopold en Riana, saam met Theuns en Susie, ons Wyksraad vir die wonderlike samewerking en koinonia wat ons ervaar het. Hierdie bedieningstyd kom nou tot ‘n einde met die aanstelling van dr. Stephan Naudé as tweede voltydse leraar wat saam met Ds. Heinrich 'n nuwe seisoen sal inlei.

Ons bid vir Kogelberggemeente 'n Godsgeïnspireerde nuwe seisoen toe – Leopold en Riana.

Ons ontvang vir

Dr Stephan en Chimoné Naudé

op Sondag 1 Februarie
in ons gemeente

Daar sal daardie Sondag net
EEN GESAMENTLIKE EREDIENS
om 09:00 in Kleinmondkerk wees

Gebedsgroep

Kogelberg-gemeente is deur die Allerhoogste daar om God te verheerlik. Die Kleinmond Gebedsgroepie kom Dinsdae (16:30 in die Kapel) bymekaar. Met of sonder hardop woorde, in volle eenstemmigheid, loof ons Hom vir sy teenwoordigheid en dra ons ons voorgangers, kerkraad en diensgroepe aan Hom op. Word u geroep om saam te kom bid?

Ons dink met liefdevolle meegevoel aan..

Sarina Jordaan (Balb) en familie met die afsterwe van Paul.

Opknappingspan

Ons het hulp nodig met onderhoudswerk by die 2de Pastorie in Vierde Laan, om die woning reg te kry vir ds Stephan en Chimone.

Kan jy help met die praktiese take wat gedoen moet word?

Het jy enige gereedskap of toerusting wat ons moontlik kan gebruik?

Is jy bereid om een werker se dagloon te betaal as donasie?

As jy kan help met enige van die bogenoemde - kontak asb. vir Joke by die Kerkkantoor (028 271 3470).

Pastorie

Kategese

In die week van 2 Februarie begin ons met twee kursusse wat oor 12 weke strek by Kleinmondkerk in Vierdelaan...

GriefShare® & DIVORCECare®

As deel van die rouberaad-ondersteuningsgroep bied Elza Marais en Magda Leibrand die 2 kursusse aan. Vir meer inligting oor die twee kursusse, kontak gerus vir Elza Marais by 082 706 2284.

Kursusse

Weeklikse Gebedsgroepe

Eko-bediening Algemene Byeenkoms

EKO-BEDIENING
Die aarde behoort aan die Here

Dinsdag 20 Januarie 2026 om 17:15

Plek: NG Kerkgebou in 4de laan.
Spreker: Matthew Arendse van die Cape Leopard Trust.

Praatjie aangebied deur die

CAPE LEOPARD TRUST

Matthew is ’n bewaringsbioloog met ’n sterk agtergrond in veldwerk regoor Suid-Afrika. Hy het 'n BSc Honneursgraad in Biodiversiteit en Bewaringsekologie en werk tans vir die Cape Leopard Trust as bewarings veldoffisier, met 'n fokus op die beskerming van die Wes-Kaap se biodiversiteit, insluitend luiperds.

Projektekomitee
Dinsdag
09:00
in die Kapel

Kleinmond Basaarsameroepers
Dinsdag om 14:00
in die TYD-kuierruimte

Rusplek Erediens
ds Jannie Hougaard
Woensdag 21 Januarie
18:00
Kapel

Elke Woensdag...

Hangklip Toerusting

Ons begin DV op Woensdag, 21 Januarie 2026 (vanaf 17:00 - 18:00) met 'n nuwe toerustingsreeks by Hangklipkerk wat deur ds Hendrik Saayman aangebied sal word.

Dis nie noodsaaklik dat jy die meegaande boek aankoop nie, maar enkele boeke is wel teen R250-00 beskikbaar.

Kontak die kerkkantoor as jy belangstel om deel te wees van hierdie reeks wat oor ongeveer 12 weke sal plaasvind.



Kogelberg se Getuienis

GROOT DANKIE EN VRIENDELIKE UITNODIGING

Die Getuienisaksie sê graag baie dankie aan almal wat deelgeneem het aan die stap op 17 Desember. Dit was die laaste poging in 2025 om geld in te samel vir almal wat die evangelie verkondig en deur ons gemeente ondersteun word

Die baie welkome bedrag van R9190 is hiermee ingesamel. Soos altyd word dit vir geen ander doel gebruik nie as om sendelinge se omstandighede te verbeter en dit vir hulle moontlik te maak om hulle werk te doen.

Baie dankie aan almal met sendingharte wat hierdie poging met saamstap of ‘n geldelike bydrae ondersteun het.

• Ook herhaal ons vandag die uitnodiging wat verlede Sondag tydens die eredienste deur FCE (Foundation for Cross-cultural Education) aan ons gemeente gerig is: Bywoning van hulle program op 31 Januarie.

Hierdie organisasie is die afgelope drie jaar in Pringlebaai gevestig en het op daardie Saterdag ‘n sendingdag (Missions Day). Deel van die program is uitstallings van die getuienis-werk deur verskillende gemeentes en organisasies.

Ook inspirerende boodskappe deur bekende Suid-Afrikaanse leiers op sendinggebied, en deelname aan gespreksessies waar ons kan leer wat dit beteken om deel te wees van wat God in ons wêreld wil bereik.

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

BREIPROJEK 2025

Barmhartigheid is liefde in aksie en wat die projek betref, is dit so waar.

In al die jare wat ek bevoorreg is om koördineerder van die projek te wees, ondervind ons ‘n liefdessirkel, want elke artikel wat gebrei of gehekel word, skenking van wol, samewerking, artikels wat deur minderbevoorregtes ontvang word, gaan gepaard met liefde.

Hartlik dank aan elkeen wat verlede jaar weer so getrou gewerk het.

Dit word waardeer.

Indien jy hierdie jaar by die projek wil aansluit, is jy baie welkom.

Baie dankie en groete.

Essie Groenewald

082 379 4713

Deuroffers

Sondag 18 Januarie
se deuroffers is vir
ons gemeente se
Familiebediening.


Op Sondag 25 Januarie word die deuroffers
opgeneem vir CAVA (Christelike Oudiovisuele Aksie).

Veels Geluk...

Saterdag 17 Januarie

Johnny Le Roux 066 232 7046 (Sa2)
Pieter Swart 083 524 9861 (BB1b)
Elizabeth van den Bergh 083 261 8297 (PB1)

Sondag 18 Januarie

Riaan Buckle 082 708 5609 (KB2)
Hennie Coetzer 083 412 8624 (HK3)
Tanja Kuun 082 895 8935 (Ba1b)
Mandie Venter 061 253 3557 (BB2)

Maandag 19 Januarie

Angus Bolton (HK3)
Elsa Crous 078 389 4526 (PM2)
Blaise Martin (Ba1a)
Callie Miessner 072 227 7937 (HK3)
Melize Tait 084 515 0688 (Sa3)
Pieter van Reenen 072 778 1687 (PM5)

Dinsdag 20 Januarie

Mariëtte Burger 083 291 8458 (KB2)
Frank Eager 072 824 3232 (PM5)
Johan Kruger 083 381 4158 (Bb4)
Marzanne La Grange (HK3)
Marietjie Maré 082 923 9661 (Sa4)
Issie Punt 072 463 6051 (KB2)
Sebastian Scheepers (Sb3)

Woensdag 21 Januarie

Bessie Fouche 072 174 3025 (PM3)
Esther Steyn 082 506 7616 (Ba1b)
Jacolet van Zyl 079 724 6553 (BB1b)
René Wright 082 354 5177 (Ba3)

Donderdag 22 Januarie

Wikkie Avenant (Bb3)
Piet Botha 082 436 3739 (KP1)
Chris De Witt 084 592 9399 (KB3)
Malissa Jv Rensburg 072 712 1745 (Sb4)
Basil Thorpe 066 250 2838 (Sa2)
Willem Vorster 083 658 6205 (BB1b)

Vrydag 23 Januarie

Nita Jacobs 079 648 5959 (PM2)
Riaan Louw (Sb4)
Dorrie Martins 076 161 4838 (Sb3)
Dirkje Muller 084 512 2702 (KB2)
Hartmut Spingies 083 995 5104 (Bb2)
Jannie van Wyk 078 696 9526 (KB5)

GROEPGESPREKKE | 19 - 24 JANUARIE 2026

1. Gesels bietjie saam...

1.1. Vertel vir mekaar van die vakansietyd...

1.1.1. Wie van julle het kuiergaste gehad?

1.1.2. En wie was self so bietjie weg oor die groot dae?

1.1.3. Wat was die lekkerste ding wat jy gedoen of beleef het?

1.2. Waarna sien jy uit in 2026? En waaroor is jy maar bekommerd?

2. Ons storie nou...

2.1. Vertel mekaar van 'n keer toe dit vir jou gevoel het asof jy in sulke groot moeilikheid was, en jy gaan nooit weer daaruit kom nie.

2.2. Hoe dink jy sien mense ons as kinders van die Here vandag? Wat dink nie-gelowige mense van die kerk? Hoekom dink jy is dit so?

3. God se storie...

Lees **Psalm 40** en **1 Korintiërs 1:1-9** weer rustig saam deur en gesels dan oor die volgende temas en vrae:

3.1. Die psalmdigter sê die Here het hom uit die put van verderf en uit die modderige slik opgetrek. Hoe help die Here ons uit die moeilikheid uit? Het Hy al vir jou so gehelp?

3.2. In 1 Kor 1:9 sê Paulus God is getrou. Hoekom dink julle sê Paulus so? Het dit dan nie soms met hom moeilik gegaan nie? Hoekom sal mense dan so dikwels vir God blameer wanneer dit met hulle sleg gaan?

3.3. Paulus glo dat die Here hom geroep het. Dink jy dat God vir jou ook geroep het? Hoekom sê jy so?

3.4. Hoe beïnvloed die manier waarop ek en jy leef, hoe die wêreld oor die Kerk dink? Is wat die wêreld oor ons sê waar of nie? Wat moet ons as Kerk daaraan doen?

3.5. Wat beteken "Christians, cleaned up by Jesus and set apart for a God filled life..." (1 Kor 1:1-2 uit The Message)

4. Hoe die Bybel ons storie verander...

4.1. Hoe kan Ps 40 jou help, so aan die begin van die jaar?

4.2. Watter rol dink julle speel gebed daarin om weer vir ons nuwe hoop te gee?

4.3. Calvyn het gesê: "Die wêreld se dreigemente wat ons met vrees vul, moet ons dryf na God se beloftes toe." Wat bedoel hy daarmee en stem jy saam of nie?

4.4. Hoe kan ons elke dag onthou dat God getrou is?

4.5. Vra jouself elke dag die vraag af: Waar is God besig in die wêreld en hoe kan ek daarby betrokke raak?

4.6. Hoe kan jy elke dag leef asof jy eenkant gesit is, spesiaal vir God gemaak is?

5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.

Ons lees dié week uit die Woord...

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 19 Januarie - Psalm 40 & 1 Korintiërs 1:1-9
- Dinsdag 20 Januarie - Psalm 27:1-9
- Woensdag 21 Januarie - Jesaja 9:1-4
- Donderdag 22 Januarie - Matteus 4:12-23
- Vrydag 23 Januarie - 1 Korintiërs 1:10-18
- Saterdag 24 Januarie - Psalm 27:1-9 & 1 Korintiërs 1:10-18